

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2012

# GESKIEDENIS V2 ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 1: HOE HET GORBACHEV SE BESLUIT VERANDERING IN DIE SOWJET-UNIE TEWEEG GEBRING EN OOK DIE SITUASIE IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?**

**BRON 1A**

Die volgende uittreksel is uit *Collapse of Communism in Eastern Europe* deur M. Rady geneem. Dit handel oor hoe Gorbachev se besluit die ekonomiese en politieke situasie in die Sowjet-Unie verander het.

**GESKREWE BRON**

Michail Gorbachev, wie die leier van die Sowjet-Unie in 1985 geword het, het verskillend as sy voorgangers voorgekom, alhoewel hy nog steeds toegewyd was aan kommunisme. Die ekonomie van die Sowjet-Unie was in 'n diepe krisis. Teen die einde van 1986, het Gorbachev 'n volskaalse hervormingsprogram geloods. Hy het besef dat die ekonomie van die Sowjet-Unie slegs gered sou word deur 'n proses van Perestroika en om dit te reorganiseer. Gorbachev se hervorming het nie net die ekonomie van die land, maar ook die politieke situasie onder die slagspreuk van glasnost geaffekteer. Gorbachev se besluit het groot opslae onder ander kommunistiese leiers in die Sowjet-Unie gemaak. Hulle het geglo dat die hervorming 'n bedreiging ingehou, nie net vir kommunisme nie, maar ook vir die voortbestaan van die Sowjet-Unie. Staatsgrepe deur konserwatiewe (geharde) kommuniste het misluk... Die Kommunistiese Party, die USSR is ontbind en Russiese satelliet-state het hul onafhanklikheid verkry.

**VISUELE BRON**

Die foto is geneem uit *Russia: A Concise History* deur R. Hingley en wys vir die eerste keer in jare dat mense openlik hul gevoel kon wys oor die gewelddadige optrede van die vorige regerings.



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**BRON 1B**

Die volgende uittreksel is geneem uit *New History of South Africa* deur H. Giliomee *et al* en handel oor die internasionale druk wat op Suid-Afrika uitgeoefen is om sy beleid van apartheid te verander.

> In die 1980's het goedgesinde regerings, soos die van Margaret Thatcher van Brittanje, druk op President Botha begin plaas om Mandela en sy kamerade vry te laat en tot 'n skikking te kom met die ANC en ander politieke partye wat uitgesluit was uit die alledaagse politiek in Suid-Afrika. Die probleem was dat die Nasionale Party, Botha ingesluit, vir 'n lank tyd ander laat glo dat die ANC deur kommuniste gedomineer word en onverskrokke toegewyd was tot geweld. "Ons bevind onsself in 'n hoek gedryf" het Botha aan sy Minister van Justisie gesê en bygevoeg "Is daar 'n uitweg?" Die USSR was nie meer bereid om die gewapende stryd te ondersteun nie, en het onderhandelinge met Pretoria aangemoedig. Die Bush administrasie in die Verenigde State van Amerika het ook aangedui dat verdere sanksies op die alreeds wankelende ekonomie van Suid-Afrika toegepas sou word.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 1C**

Die volgende bron bestaan uit beide 'n geskrewe en visuele bron. Die geskrewe bron is geneem uit *History of Southern Africa* deur J. D. Omar-Cooper. Dit handel oor hoe aanvanklike samesprekings tussen die ANC en die NP misluk het, maar die verandering in die leierskap van die NP onderhandelinge moontlik gemaak het.

**GESKREWE BRON**

Beide die ANC en die apartheidsregering was by 'n dooie punt. Mandela het in 'n brief gerig aan President Botha voorgestel dat hulle moet ontmoet. Hy het Mandela in die tronk besoek en hierdeur die kardinale belangrikheid van Mandela in die toekoms van Suid-Afrika erken, maar nog steeds onderhandeling met die ANC teengestaan. In Januarie 1989 was President Botha weens gesondheidsredes geforseer om te onttrek van sy amptelike take... en De Klerk het die nuwe staatshoof geword. Hy was oor die algemeen as een van die mees konserwatiefste moontlike opvolgers van President Botha beskou, alhoewel sy broer, 'n prominente liberalis, besig was met informele onderhandeling met die ANC. In sy eerste aankondiging het dit geblyk dat hy vasbeslote was om die basiese apartheidsbeleid van groepsregte te handhaaf. Teen hierdie tyd was interne en eksterne druk oorweldigend om die hele sisteem te verander.

Op 2 Februarie 1990 in 'n presidensiële toespraak, met die opening van die parlement, het De Klerk die nasie en die wêreld geskok met sy aankondiging dat hy Nelson Mandela gaan vrylaat, die ANC, PAC, SAKP en die UDF gaan ontban word en dat die regering beoog om met onderhandeling te begin met die doel om 'n nuwe grondwet op te stel.

**VISUELE BRON**

Mandela en afgevaardigdes by die Soweto stadion na sy vrylating om die mense toe te spreek oor die toekoms van Suid-Afrika.



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJET-UNIE BYGEDRA TOT DIE HERVOORSTELLING VAN ANGOLA IN DIE 1990's?**

**BRON 2A(i) en 2A(ii)**

**BRON 2A(i)**

Hierdie bron bestaan uit twee gedeeltes en handel oor die supermoondhede se invloed op die politieke situasie in Angola en die veranderings wat plaasgevind het. Die spotprent is geneem uit *History for All* deur E. Brink *et al*.




**BRON 2A(ii)**

Die volgende uittreksel handel oor die politieke uitdagings en veranderinge wat Angola tydens en na die beëindiging van die Koue-oorlog in die gesig gestaar het en is geneem uit *The World Book, Encyclopedia*

Die Republiek van Angola was vir meer as 35 jaar lank in 'n oorlog gewikkel, eers teen die Portugese en na 1975, met buitelandse hulp, onder hulself. Die 20 jaar-oorlog tussen die Marxiste-Leniniste se Beweging vir die Bevryding van Angola (MPLA) wat gelei en ondersteun is deur die Sowjet-Unie en Kuba en die Nasionale Unie vir die Algehele Onafhanklikheid van Angola (UNITA) wat deur die VSA en Suid-Afrika onderskeidelik ondersteun is, het veroorsaak dat die land bedek is met 10 tot 20 miljoen landmyne. Suid-Afrika en Amerika het betrokke in Angola geword omdat hulle die verspreiding van kommuniste gevrees het. Suid-Afrika was ook verder bekommerd dat Angola die verbande ANC sou help en wou ook Suid-Wes Afrika (nou Namibië) teen kommunisme beskerm.

In 1990 het die MPLA regering Marxisme afgeskaf en in 1991 alle politieke partye erken. Veelparty-verkiesings is in September 1992 gehou. 'n President het die meeste mag in die Angolese regering gehad. Die Nasionale Vergadering, die land se wetgewende liggaam, bestaan uit 220 lede. Die mense van Angola kies beide die President en die Nasionale Vergadering. Die MPLA leier, Dos Santos, is tot president verkies. Die verkiesing is as vry en regverdig verklaar deur die Verenigde Volke. UNITA het hierteen geprotesteer en verklaar dat daar ongerymdhede tydens die verkiesing was en die burgeroorlog het opnuut opgevlam. Die Lusaka-protokol wat in 1994 deur beide UNITA- en MPLA-leiers onderteken is het vir 'n wapenstilstand gevra.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**BRON 2B**

Hierdie uittreksel is geneem uit *In Search of History* deur J. Bottaro *et al* en *Peoples of Africa* deur M. Cavendish *et al* en handel oor die ekonomiese uitdagings en veranderinge in Angola.

Die onophoudende oorlog het die ekonomie van Angola verwoes. Die land se bronne wat eerder gebruik kon word om geld in te samel om vir noodsaaklike dienste soos gesondheid en opvoeding te verbeter is eerder op die aankope van wapens bestee. Die onophoudelike oorlog het veroorsaak dat buitelandse beleggers huiwerig was om te belê in die potensiële ryk land. Angola besit die potensiaal om te ontwikkel in 'n ryk nasie sienende dat dit groot petroleum, yster-erts en diamant reserwes besit, maar as gevolg van dekades van oorlog, is dit by implikasie nog steeds onderontwikkeld.

Die ekonomie van Angola is hoofsaaklik gebaseer op landbou. Die meeste Angolese bly in die platteland, waar die meeste werk as beeste oppassers en selfonderhoudende boerdery, wat slegs genoeg vir hulself produseer of die plaaslike mark. Nog 'n probleem wat ondervind is was dat die diamantvelde deur UNITA beheer is en gebruik was om sy guerrilla oorlog teen die MPLA te finansier. Toe die burgeroorlog uitbreek het baie Europeërs die land verlaat en 'n tekort aan vindingryke bestuursbeamptes, professionele en ingenieurs het ontstaan. Opleidingsprogramme wat deur die regering van stapel gestuur is, het baie swartes in staat gestel om hierdie soort werk te doen. Omtrent een kwart van die Angolese bevolking is nog steeds afhanklik op buitelandse hulp. Die pas van staatshervorming is nog steeds stadig.

**BRON 2C**

Die volgende uittreksel is geneem uit *Angola: Promises and Lies* deur K. Maier en handel oor die sosiale uitdagings en verandering wat Angolese ondervind het.

Welkom in Angola, tuiste van die ergste oorlog in die wêreld, diamantsmokkelary, wapenhandel en 'n rekord getal amputasies, wat veroorsaak dat die meeste ledemaatlose mense in Afrika hier gevind kan word, is almal lelike vlekke wat deur die Koue-oorlog agtergelaat is. Meer as 'n miljoen Angolese het gesterf en baie is beseer deur landmyne. Sodra honderde mense vermoor word omdat hulle aan 'n sekere politieke party behoort, afkomstig is van 'n sekere gebied of 'n spesifieke taal gebruik dan het dit tyd geword om feite in die oë te staar. "Angola se demokrasie, net soos haar onafhanklikheid sewentien jaar gelede, was in bloed gebore." Om verligting te bring het die Wêreld Voedselprogram noodsaaklike voedsel voorsien en die regering het in 2001 'n humanitêre program van stapel gestuur om opvoeding en gesondheidsomstandighede te verbeter.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3: HOE HET DIE PROSES VAN ONDERHANDELING UITEINDELIK GELEI TOT DIE EERSTE DEMOKRATIESE VERKIESING IN 1994?**

**BRON 3A**

Hierdie bron is geneem uit *Nelson Mandela: From freedom to the future* deur F. Van Zyl Slabbert en handel oor die Kodesa-byeenkoms waar verskille tussen die ANC en ander politieke partye sterk na vore gekom het.

**GESKREWE BRON**

Byna twee jaar na De Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990, het formele grondwetlike samesprekings te Kodesa begin. Kodesa is op 20 Desember 1991 by die Wêreld Handelssentrum te Kempton Park geopen. Die twee hoof partye het egter verskil oor die doelstellings van die vergadering. Die ANC het daarop aangedring dat slegs ŉ gekose grondwetlike komitee die interim (tydelike) grondwet moes opstel. Die Nasionale Party en die Inkhata Vryheidsparty was hierteen gekant omdat hulle gevrees dat ŉ verkose liggaam, met ŉ waarskynlike ANC-meerderheid, ŉ blanko tjek vir die ANC was om ŉ grondwet op te stel wat slegs hul politieke wense sou dek. De Klerk het ook die ANC gekritiseer omdat hulle nie *Umkhonto we Sizwe* wou ontbind nie. Mandela het hewig hierteen beswaar gemaak en sou slegs die organisasie ontbind wanneer hulle deel van ŉ tussentydse regering was en daar veelparty beheer oor die sekuriteitsmagte was…. De Klerk moes nou vasstel hoe die blanke kiesers oor sy inisiatief voel en daarom het hy ŉ referendum uitgeroep.

**VISUELE BRON**

Die foto verwys na Kodesa - die Konvensie vir ŉ demokratiese Suid-Afrika-onderhandeling geopen te Kempton Park en is geneem uit *New History of South Africa* deur H. Giliomee *et al*.




Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**BRON 3B**

Die volgende uittreksel is geneem uit *Tree Shaker* deur B. Keller. Dit fokus op die ooreenkoms bereik by Kodesa en die verkiesingsveldtog.

| |
|---|
| ŉ Ooreenkoms is uiteindelik bereik oor die datum vir die eerste demokratiese verkiesing, die grootte van die nuwe parlement en die optrek van ŉ tussentydse grondwet wat gelykheid aan alle burgers waarborg. Die volgende paar maande was toegewy aan die komende verkiesing en verkiesingsveldtogte. Een van die hoogtepunte was om De Klerk en ander blanke kandidate van die Nasionale Party dop te hou - die uitvinders van apartheid - om swart stemme te verkry. Hy het aangekondig dat dit ŉ nuwe Nasionale Party was. Dit het apartheid beëindig. Hy het ook verder verkondig dat die ANC amateurs is en net chaos sal bring. Almal word huise en werk belowe, maar dit is slegs die NP wat die besigheidstoorkuns het om sodanige dienste te lewer. Al nader na die verkiesing het voorvalle van sabotasie en terroristiese aktiwiteite toegeneem. ŉ Bom het by ŉ swart taxi staanplek ontplof. ŉ Motor bom het in die middestad van Johannesburg ontplof en ŉ handgranaat was binne ŉ swart restaurant gegooi. |

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BRON 3C**

Die volgende uittreksel is geneem uit *They fought for Freedom:Nelson Mandela* deur K. Pampallis en handel oor die verkiesingsdag self waarop miljoene gewag het.


**GESKREWE BRON**

Uiteindelik het die groot dag gekom - 27 April 1994. Lang rye mense het vir ure gewag om te stem, baie van hulle vir die eerste keer in hul lewens. Jim Sondlana, 'n sewe-en-sestig jarige, afgetrede goudmyn werker van Qunu het verklaar "Net sodra ons hom in beheer verkies het, sal ons vry wees". Nadat hy sy stembrief in die stembus gedeponeer het, het hy verder verklaar "my hart is verlig."

Die verkiesing as sulks was vreedsaam, ten spyte van voorafgaande gewelddadige insidente. Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) het die verkiesing vry en regverdig verklaar en die meeste internasionale waarnemers het saamgestem. Die ANC het 62,5% van die stemme gewen. Daar was ooreengekom gedurende die besprekings van die tussentydse grondwet, dat die leier van die party wie die meeste stemme werf, die president van die land sou word. Nelson Mandela, 'n voormalige tronkvoël, het die nuwe president van Suid-Afrika geword.

**VISUELE BRON**

Hierdie foto wys mense wat in lang toue staan en wag om te stem en is geneem uit *New Africa: History* deur J. Spencer *et al*.



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 4: WATTER ROL HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) GESPEEL OM DIE SIEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE NASIE TE GENEES?**

**BRON 4A**

Die volgende uittreksel is uit *South Africa at 10* deur W. Esterhuizen geneem. Dit handel oor die verslag van die WVK wat Mandela in die parlement verduidelik het.

Hoe om met die verlede te handel om sodoende die siel van die Suid-Afrikaanse nasie te genees was van morele en strategiese belang vir die nuwe regering. Die WVK was instrumenteel in hierdie proses, wat vlees en bloed gegee het aan die erkenning van growwe menseregte-skendings, om verantwoordelikheid te aanvaar, om ŉ tipe vergoeding te gee en om rekonsiliasie te bevorder. Suid-Afrika het herstellende geregtigheid verkies wat ŉ proses is waarby alle partye wat betrokke is by ŉ sekere oortreding bymekaar kom en gesamentlik te besluit hoe om met die gevolge van die oortreding en met die gevolge vir die toekoms te handel.

Suid-Afrika is toegewyd tot herstellende geregtigheid as wraaksugtige geregtigheid. Rekonsiliasie is hoofsaaklik "ŉ oproep tot aksie" soos Nelson Mandela - die vader van Suid-Afrikaanse rekonsiliasie in die parlement verklaar het. Rekonsiliasie is nie ŉ eenmalige gebeurtenis nie, ŉ oomblik om berou te toon of ŉ minuut of twee gereserveer om verskoning te vra nie. Dit is ŉ proses, om vertroue wat afgebreek is te herstel, om nuwe verhoudings van vertroue te ontwikkel, om daadwerklike aksies wat vertroue teweeg te bring en om situasies wat vertroue ondermyn uit die weg te ruim.

**BRON 4B**

Die volgende uittreksel is geneem uit *Apartheid in South Africa* deur S.Connolly en handel oor redes waarom die WVK gevorm is.

Kort nadat Nelson Mandela tot president in 1994 verkies is, was hy besig met een van die belangrikste take - wat hy nie mee te doen gehad het - om die gesindheid van haat, verbitterdheid en rassisme te verander en sodoende sy land te begin te genees. In Mei 1994 is die WVK, met die veel gerespekteerde anti-apartheid aktivis, Aartsbiskop Desmond Tutu as die hoof, gestig. Die WVK sou nie net verklarings aanhoor van die wat skuldig was aan wandade tydens die apartheidsera nie, maar ook van dié wat gely het. Die geweld en brutaliteit onder die soeklig het nie net op wandade van die voormalige wit regering gekonsentreer nie, maar ook op swart mededingende groepe wat swart woonbuurtes (veral van ANC lede) in die laat 1970's en 1980's geterroriseer het alhoewel baie mense glo dat die WVK gehelp het om "die lug te suiwer," was dit ook die onderwerp van ontevredenheid. Ten spyte van verskillende sienings het Aartsbiskop Tutu verklaar "ons moet die onplesierige verlede in die gesig staar, die ondier in die gesig staar en nie voorgee dat dit nooit gebeur het nie."

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## BRON 4C


Die volgende bronne is uit *New History of South Africa* deur H. Giliomee *et al* geneem en handel oor kritiek wat gelewer word oor die werksaamhede en samestelling van die WVK.

### GESKREWE BRON

Die mandaat van die WVK het dit verplig om regverdig op te tree, maar sy samestelling was nie gebalanseerd nie. 'n Analise gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Rasse Instituut het geargumenteer dat die kommissie se personeel oorweldigend simpatiek was met en verbintenis met die ANC gehad het. Daar is ook aangedui dat die meeste slagoffers wat onder die vorige regering en die IVP gely het, uitgesoek is om hul getuienis af te lê. Daar was ook getwyfel in die geloofwaardigheid van sommige slagoffers se weergawes. In plaas daarvan om te konsentreer op die aard van die daad, het die kommissie meer gefokus op die oortreders en slagoffers. Met die gevolg dat die aard van die daad net liggies geskets is. Dis om hierdie rede dat baie gesiene amptenare geweier het om voor die WVK te verskyn. Kruis-ondervraging van slagoffers was ook nie toegelaat nie, maar hoorsê-bewyse was aanvaar. Ontevredenheid oor die kwessie van amnestie is deur Churchill Mxenge (wie se broer en skoonsuster deur die sekuriteitspolisie vermoor is ) geopper. Hy het verklaar dat "soos dit nou is, word die kwessie (die WVK se stelsel van amnestie vir diegene wat getuienis lewer) by ons kele af forseer, en dit is waarteen ons beswaar maak." Ten spyte van die kritiek was sommige bereid om te vergewe.

### VISUELE BRON

Die foto wys die samestelling van die WVK waaroor daar kritiek gelewer is.





Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bottaro, J. *et al* 2006. *In search of History* (Oxford)

Cavendish, M. *et al* 2001 *Peoples of Africa* (M.Cavendish Corporation)

Connolly, S. 2001 *Apartheid in South Africa* (Tafelberg Publishers)

Esterhuizen, W. 2004 *South Africa at 10* (Human & Rousseau)

Giliomee, H. *et al* 2007 *New History of South Africa* (Heinemann Publishers)

Keller, B. 2008 *The Tree Shaker: The Story of Nelson Mandela* (Kingfisher Publishers)

Maier, K. 1996 *Angola: Promises and Lies* (William Waterman Publication)

Omar-Cooper, J.D. 1987 *History of Southern Africa* (Heinemann)

Pampallis, K. 2000 *They fought for freedom: Nelson Mandela* (Maskew Miller Longman)

Rady, M. 1995. *Collapse of Communism in Eastern Europe* (Evans Brothers Limited)

Spencer, J. *et al* 2007 *New Africa:History* (New Africa Books)

Van Zyl Slabbert, F. 2003 *Nelson Mandela: From freedom to the future* (Jonathan Ball Publishers)

World Book Encyclopaedia (World Book INC 1999)

Downloaded from eduresourceza.com